**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**GRAAD 12**

**JUNIE EKSAMEN 2021**

**PUNTE : 70**

**TYD : 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit _11_ bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. **Lees versigtig deur al die instruksies voordat jy die vrae beantwoord.**

2. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:**

   **AFDELING A: Roman**
   **AFDELING B: Drama**

3. **Beantwoord AL die vrae.**

   **AFDELING A: ROMAN**
   **Beantwoord die vrae oor die roman, *Lien se lankstaanskoene (Hoofstuk 1 – 12)*, wat julle bestudeer het.**

   **AFDELING B: DRAMA**
   **Beantwoord die vrae oor die drama, *Paljas*, wat julle bestudeer het.**

4. **Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling versigtig.**

5. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.**

6. **Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.**

7. **Voorgestelde tydsindeling: Gebruik ongeveer 40 minute aan afdeling A en 80 minute aan afdeling B.**

8. **Skryf netjies en leesbaar.**

***STERKTE!!***

**AFDELING A: ROMAN**

**VRAAG 1**

***LIEN SE LANKSTAANSKOENE*** (Derick van der Walt)

Beantwoord AL die vrae.

**TEKS A**

Wouter wag reeds by die telefoonhokkie toe Lien net ná sewe-uur by die woonstelblok uitgestap kom.
"Wat 'n lieflike dag! Kom ons donner hom op!" groet hy, soos gewoonlik in 'n pyn van 'n goeie bui. Wouter se *chirpiness* so vroeg in die oggend is genoeg om haar terug bed toe te dryf.
Sy groet en stap by hom verby.
"Dis vanmiddag ek en tant Malie," sug sy terwyl hulle die straat kruis. "Ek weet nie eens hoe die vrou lyk nie en ek het nog nooit my voete in haar simpel *coffee shop* gesit nie, maar sy irriteer my al klaar."
"Hoe klink sy oor die foon?" vra Wouter.
"So bietjie gejaagd ... uitasem, jy weet, asof sy gehardloop het. En sy beklemtoon elke woord. Jy móét betyds wees, hoor. Dis die óúlike winkeltjie met die blommetjiesgordyne in die sentrum. Jy móét weet waar dit is. Dis oorkant die bóékwinkel."
Wouter lag. "Dis dalk *fun*. Gee dit kans en dink aan die *tips*. Ooh ... jy gaan rol in die geld! Pas net op dat jy nie stoel tussen al die koeke en terte nie. En moenie van honger Wouter vergeet nie!"

**1.1 Braam het 'n gunsteling video waarna hy altyd kyk.**

**a) Wie is almal in die video?** **(1)**

**b) Verduidelik waarom hierdie video sy gunsteling is.** **(1)**

**1.2 Watter twee dinge doen Lien se ma om van haar omstandighede te ontvlug?** **(2)**

**1.3 Pas die woorde in KOLOM B by die mense in KOLOM A. Skryf net die nommer en die letter neer, bv. 1.3.1A.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Braam | A. Voorsien kos. |
| 1.3.2 Lien | B. Is altyd by Deon. |
| 1.3.3 Tant Malie | C. Haat haar lewe. |
| | D. Is 'n onredelike mens. |

**(3)**

**1.4 Gee die naam van die eerste plek waar Lien gaan werk het. (1)**

**1.5 Hoekom kan Lien net tydelik by Millenium Creations werk? (1)**

**1.6 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

**Tannie Bets luister na (popmusiek/rock musiek/klassieke musiek/country musiek.) (1)**

**TEKS B**

"Ek voel sleg omdat jy kos koop met jou geld," sê haar ma terwyl sy nog steeds deur die venster kyk.

Lien moet op haar tande byt om nie iets te sê nie.

"Ma kan altyd weer begin klavierlesse gee," sê sy ná 'n rukkie terwyl sy die tamaties in die yskas pak. Haar ma vat nog 'n slukkie wyn. Die ys rinkel in die glas.

"Ma kan baie meer geld met musieklesse maak as wat Ma ooit by daai simpel staatsdepartement gaan kry." Sy kyk na haar ma wat beweginloos na buite tuur en net nou en dan 'n slukkie uit die glas neem.

"Hoekom speel Ma nooit meer nie?" Haar ma sê niks nie. Slukkie.

As haar ma dan nie meer wil speel nie, *big deal*, dan sal sy wat Lien is, speel. Sy storm eetkamer toe en pluk die klavier se deksel oop. Die klavierstoeltjie maak 'n skreeugeluid terwyl sy dit hardhandig agtertoe skuif. Sy kan nog die "Blou Donau" so effens onthou, haar *claim to fame* uit haar laerskooldae toe haar ma nog gehoop het sy of Braam gaan in haar musiekvoetspore volg.

**1.7 "Ek voel sleg omdat jy kos koop met jou geld"**

**In reël 3 moet Lien op haar tande byt om nie iets te sê nie.**

**Wat dink jy sou sy vir haar ma in daardie situasie kon sê? (1)**

**1.8 Die volgende stelling is ONWAAR. Bewys dit.**

**Wouter het Lien gevra om saam met hom na die Valentynsdans toe te gaan. (1)**

**1.9 Kies woorde uit die woordblok en voltooi die volgende paragraaf deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **oortuig** | **Rona** | **verloor** | **vreemd** | **kwaad** | **Maria** | **hartseer** |

**Lien het besluit om na die oudisie te gaan, want sy was bang sy sal Wouter (1.9.1)___. Juffrou Breytenbach het Lien gevra om die deel van (1.9.2)___ te lees. Lien het (1.9.3)___ gevoel toe sy op die verhoog staan. (3)**

**1.10 Wat gaan Millenium Creations doen om Braam en sy krieketspan te help? (1)**

**1.11 Kies die korrekte antwoord om die sin te voltooi. Skryf slegs die nommer en die letter neer, bv. 1.11A.**

**Lien het dinge in Millenium Creations se kombuis verander, want**

**A. die kombuis was vuil.**
**B. die kombuis was onprakties.**
**C. die kombuis was deurmekaar.**
**D. die kombuis was klein. (1)**

**1.12 (a) Waarheen het Miemie vir Lien genooi? (1)**

**(b) Hoekom? (1)**

**1.13 Hoekom dink Lien kan Kuifie (die predikant) hulle nie help nie? (1)**

**[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 20 PUNTE**

**AFDELING B: DRAMA**

**VRAAG 2: PALJAS (Chris Barnard)**

**TEKS C**

**11. Hendrik is op die stasieperron besig met iets.**
**Willem gaan staan tien meter van sy pa en wuif vir hom.**

**HENDRIK: O nee, nie so nie. Sê! (*Die kind hou aan wuif met 'n oop handpalm.*) Sê, Willem. (*Dringend, maar nie onvriendelik nie.*) Sê "tot siens, Pa".**

**Die kind sien die goudgeel skoolbus aankom. Hy wys vir sy pa.**

**HENDRIK: Ja, ek sien. (*Hy stap heeltyd nader.*) Sê gou. (*Die kind begin wegbeweeg, maar Hendrik gryp sy elmboog.*) Sê gou – sê "tot siens, Pa".**

**Die bus stop al. En Willem ruk los en hardloop. En heeltyd waai hy oor sy skouer vir sy pa. Hy hardloop oor die spoor. Hendrik staan en kyk hoe hy in die bus klim. En die bus ry in die vroeë môrelig in. Hendrik se gesig is heeltemal uitdrukkingloos. Die bus is nog nie heeltemal weg nie wanneer 'n bakkie van dieselfde kant verskyn waar die bus vandaan gekom het. Dis Frans Lombard se groen bakkie. Hendrik sien hoe die bakkie oor die spoor swenk en werf toe ry. En Hendrik posisioneer homself só dat hy ongemerk kan sien wat op die werf aangaan.**

**12. Katrien skrop die kombuisvloer. Haar hare, wat vanoggend netjies gekam was, is klaar bietjie deurmekaar. Tussen die hale van die borsel deur steek haar hand skielik vas. Sy luister, en hoor die bakkie en kom vinnig van haar knieë af orent.**

**2.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.**

**Hierdie drama speel af in die (Karoo/Boland). (1)**

**2.2 Verwys na reël 1 en voltooi die sin hieronder. Skryf slegs die nommer en antwoord neer.**

**Die "11" dui die elfde ___ in die drama aan. (1)**

**2.3 Ons weet Willem se kamer was goed toegerus vir 'n seun – vol vliegtuigies en prente van motors en rugbyspelers. Tog het hy by sy ouers in die kamer geslaap.**

**Hoekom, dink jy, het hy dit gedoen? (1)**

2.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.4) neer, byvoorbeeld 2.4 E.

Die herhaling van Hendrik se woorde, "… sê 'tot siens, Pa' ", beklemtoon dat Hendrik ... voel oor Willem wat nie praat nie.

A. desperaat
B. verleë
C. woedend
D. bedreig (1)

2.5 Verwys na reël 3–7.

2.5.1 Hoe lank was dit al dat Willem nie gepraat het nie? (1)

2.5.2 Hoe het die kinders op die skoolbus gereageer op Willem wat nie kon praat nie? (1)

2.5.3 Wat was, volgens Oudokter, die rede waarom Willem nie gepraat het nie? (1)

2.5.4 Watter raad het Oudokter toe aan Hendrik oor Willem se probleem gegee? (1)

2.6 Katrien het baie keer in die drama Hendrik se verkeerde hantering van sy gesin gekritiseer.

2.6.1 Verwys na Hendrik se verkeerde hantering van Katrien, Emma en Willem in DRIE aparte feite. (3)

2.6.2 Waarom was dit verkeerd van Katrien om vir Hendrik voor die kinders te kritiseer? (1)

2.7 "En Hendrik posisioneer homself só dat hy ongemerk kan sien wat op die werf aangaan." (Reël 14–15)

2.7.1 Wat sê hierdie optrede van Hendrik se karakter? (1)

2.7.2 Noem EEN verskoning wat Frans gebruik het om Katrien te besoek. (1)

2.7.3 Wat was die ware rede waarom Frans Katrien besoek het? Verduidelik. (1)

2.7.4 Wat het Emma gewoonlik gedoen as Frans Lombard haar ma besoek het? Gee TWEE feite. (2)

**2.7.5 Katrien sou Hendrik maklik kon los vir 'n verhouding met Frans.**

**Sê hoekom hierdie stelling ONWAAR is. (1)**

**2.8 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.8) neer, byvoorbeeld 2.8 E.**

**Die feit dat Katrien vinnig opgestaan het toe sy die bakkie gehoor het, wys dat ...**

**A. sy vir Frans wou wegkruip.**
**B. sy skaam was oor haar voorkoms.**
**C. sy eers wou kyk waar Hendrik was.**
**D. Frans te vroeg in die dag kom kuier het. (1)**

**2.9 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.**

**Volgens Emma het Hendrik baie oor (onbelangrike dinge/probleemsituasies) gepraat. (1)**

**2.10 Pas die woorde in KOLOM B by die name in KOLOM A. Skryf net die nommer en die letter neer, bv. 2.10.1A.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.10.1 Hendrik | A. doen huisbesoek. |
| 2.10.2 Emma | B. is baie jaloers. |
| 2.10.3 Volstruisdans | C. bak heerlike koek |
| 2.10.4 Dominee | D. vier die rykdom van die boere. |
| | E. wil nooit trou nie. |

**(4)**

**2.11 Hoekom is Hendrik desperaat vir Emma en Nollie om van mekaar te hou? (1)**

**EN**

**Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

**TEKS D**

**128. Die gesin om die etenstafel. Manuel is nie by nie. Willem aanvanklik ook nie. Hulle eet.**

**HENDRIK: Wie dink hulle is hulle? (*Hy is baie opgeskroef*.) Wie die moer dink hulle is hulle?**
**KATRIEN: Hendrik.**
**HENDRIK: Nee, ek vra. Ons pla niemand. Ons sukkel aan op ons eie manier. Ek laat verdomp niemand my rondneuk met 'n spul mausers nie.**
**KATRIEN: Dis hoekom ek sê: gaan polisie toe.**
**HENDRIK: Nee, Katrina. Die polisie is saam met hulle. Ek het gesien daardie dag toe die polisie hier was. Hulle verstaan g'n niks van ons af nie.**
**EMMA: Pa, ons is nie so ingewikkeld nie.**
**HENDRIK: Presies! Ons is maar net mense. Wat ons ding op ons eie manier doen. Maar daar's 'n groot wêreld daar buitekant, my kind, wat sê: Julle doen dit soos ons almal dit doen, of ons maak ons mausers leeg op julle.**

**Willem het binnegekom en hy staan langs sy ma.**

**KATRIEN: Sê hy al iets?**
**WILLEM: Hy slaap.**

**HENDRIK: Ek is Hendrik McDonald. En ek mág ek wees. En jy mag Emma wees. En Ma en Willem en almal. Nollie Kemp is Nollie Kemp en klaar. Ons is ons met al ons skete en al. (*Hy kyk skielik vir Willem*.) Of wat sê jy, Willem?**
**WILLEM: Manuel het niemand iets gedoen nie.**
**HENDRIK: Presies!**

**129. Manuel lê vir die dak en kyk. Willem staan langs die bed. Hy is besig om Manuel uit te lok ...**

**2.12 Hoe het die McDonalds Manuel die eerste keer ontmoet? (1)**

**2.13 Verwys na reël 1–2.**

**2.13.1 Waarom was Manuel nie hier by die gesin aan tafel nie? (1)**

**2.13.2 Waarom het Willem ook aan die begin nie saamgeëet nie? (1)**

**2.14 Wie was die "hulle" na wie Hendrik in reël 3 verwys? (1)**

**2.15 Waarom kan 'n mens verstaan waarom Hendrik in reël 3–4 gevloek het? (1)**

**2.16 Wat het Katrien probeer regkry deur net Hendrik se naam in reël 5 te noem? (1)**

**2.17 Verwys na reël 9–10.**

**Die polisie het nie altyd reg opgetree teenoor die McDonalds nie. Motiveer hierdie stelling met TWEE feite. (2)**

**2.18 Hoekom kan ons sê die rolle tussen Manuel en Willem het in reël 23–24 omgeruil? (2)**

**2.19 Wat het Willem gedoen om die hartseer by Manuel uit te vee? (1)**

**2.20 Kies die karakter in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer neer, byvoorbeeld 2.20.5 F.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.20.1 Hierdie karakter het dit reggekry om die McDonald-gesin te oorreed om na die Volstruisdans te gaan. | A. Emma |
| 2.20.2 Hierdie karakter het die McDonald-gesin gedwing om oor seermaakdinge te praat. | B. Nollie |
| 2.20.3 Hierdie karakter het met skinderstories hartseer vir die McDonalds veroorsaak. | C. Manuel |
| 2.20.4 Hierdie karakter het met paljas die McDonalds se gesinsverhouding herstel. | D. Katrien |
| | E. Jan Mol |

**(4 x 1) (4)**

**2.21 "Ek is Hendrik McDonald. En ek mág ek wees." (Reël 18)**

**Watter universele boodskap word met hierdie woorde oorgedra? (1)**

**2.22 Hoe het (a) Katrien en**

**(b) Hendrik vir Manuel gehelp? (2)**

**2.23 Hoekom was dit reg dat Manuel later weer terug sirkus toe is? (1)**

**2.24 Die gebeure hieronder hou verband met die verhouding tussen die McDonalds en die gemeenskap.**

**Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:**

- **Die mense het by die Volstruisdans baklei.**
- **Jan Mol het Manuel geskiet.**
- **Manuel het met die trein vertrek.**
- **Sakkie du Toit het die McDonalds om verskoning gaan vra. (4)**

**2.25 Waarom is daar in die drama skuinsgedrukte woorde tussen hakies, soos in reël 3? (1)**

**2.26 Aan die einde kom vra van die dorpsmense om verskoning en Hendrik nooi hulle dadelik in. Watter tema in die drama sal hierby pas? (1)**

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 50 PUNTE**

**SOMTOTAAL : 70 PUNTE**